# HOëRSKOOL EBEN DöNGES HIGH SCHOOL

**Posbus 93, Kraaifontein**
**Van der Bijlstraat**
**KRAAIFONTEIN, 7570**
**Tel no: 021 988 7430/9**
**E-pos: head@edonges.org.za**

**PO Box 93, Kraaifontein**
**Van der Bijl Street**
**KRAAIFONTEIN, 7570**
**Tel no: 021 988 7430/9**
**E-mail: head@edonges.org.za**

28 Januarie 2022

Geagte Ouer/Voog

Ons verwelkom alle graad 12 - leerders en ouers by hierdie belangrike jaar.

Dis verpligtend dat alle graad 12's elke dag by die skool is. Maak seker dat u kwaliteittyd met u kind deurbring om ten alle tye bewus van sy/haar werketiek en emosionele welstand te wees. Maak seker dat hulle ywerig werk om die kanse te verminder dat hulle oorweldig en gestres voel.

Dit is belangrik om kennis te neem dat alle graad 12's die kurrikulum teen September 2022 moet afhandel – dit beteken opvoeders sal vanaf die eerste dag werk. Tref reëlings dat u kind alle skryfboeke en handboeke het.

Boeke moet in die offisiële skoolsak of in 'n swart/blou sak met afskortings gedra word. Kleiner sakke beskadig die boeke. Geen Karrimor-sak word toegelaat nie.

Leerders sal agter raak indien hul boeke nie by die skool is nie of indien hulle nie in die klas werk of tuiswerk doen nie. Hulle sal dit moeilik vind om die agterstand in te haal as hulle nie konstant werk nie. Kyk gereeld of die leerder sy klaswerk/tuiswerk doen.

Graad 12's moet gedissiplineerd wees om die werklas te hanteer. Die mees basiese vorm van dissipline begin met:

- skooldrag dra volgens die Gedragskode.
- betyds by die skool wees.
- geen stokkiesdraai van klasse nie / in die gange ronddwaal nie / onnodig van die skool wegbly nie.
- klaswerk en tuiswerk wat elke dag gedoen word.
- alle SBA's wat betyds afgehandel word.
- hersiening wat gedurende die kwartaal gedoen word.
- genoeg voorbereiding vir toetse en eksamens.

Voldoen aan die Gedragskode:

**DOGTERS (somer):**

- 6 - paneel skoolromp – 8 cm bo die knie wanneer hulle kniel
- kortmou wit oopnek skoolhemp – die skooldas is verpligtend indien daar 'n knoop bo is
- kort wit sokkies
- oortrektrui / skooltrui / matriekbaadjie
- skoolbaadjie
- ** geen juweliersware / geen juweliersware in die oog/neus/lip nie
- ** geen grimering nie
- ** geen lang naels of naellak nie

**DOGTERS (winter):**

- 6 - paneel romp – 8 cm bokant die knie wanneer hulle kniel
- sykouse / grys/blou sokkies
- grys langbroek vir dogters (mag nie vernou word nie)
- wit langmou hemp met skooldas
- oortrektrui / skooltrui / matriekbaadjie
- skoolbaadjie
- skool se reënbaadjie op reëndae
- skoolserp
- ** geen juweliersware / geen juwele in die gesig nie
- ** geen grimering nie
- **geen lang naels of naellak nie

**SEUNS (somer):**

- grys langbroek
- belt
- grys lang kortbroek
- wit kortmou hemp met oop nek / indien 'n knop bo is, is die skooldas verpligtend
- oortrektrui / skooltrui / matriekbaadjie
- ** geskeer / geen baard
- ** geen geskeerde wenkbroue nie
- ** hare word egalig regoor die kop gesny met geen patrone nie

**SEUNS (winter):**

- grys langbroek
- belt
- wit langmou hemp met skooldas
- oortrektrui / skooltrui / matriekbaadjie
- skoolbaadjie
- offisiële skool reënbaadjie
- offisiële serp
- ** geskeer / geen baard nie
- **geen juwele / geen juwele aan die gesig nie
- **geen geskeerde wenkbroue nie
- **hare eweredig kort regoor die kop gesny sonder enige patrone

Vanaf 19 Januarie 2022 vergader alle graad 12's om 7:45 by Ingang C vir inspeksie, register en algemene aankondigings. Geen laatkom word geduld nie.

Chroniese afwesigheid is 'n groot kommer. U kind moet 'n doktersertifikaat hê indien hy/sy afwesig was. Geen graad 12-leerder mag uitstaande take hê nie. Daar moet sover moontlik gepoog word om die beste moontlike punt vir SBA's, toetse en eksamens te kry. Hierdie punte beïnvloed die finale punt.

Matriekbaadjies was op 10 Desember 2021 vir alle leerders bestel wat die R550 teen die sperdatum betaal het. Hierdie baadjies word in kwartaal 1 afgelewer. Regstellings sal in die week geskied nadat die baadjies afgelewer is.

Alle ID's moes teen 19 Januarie vergroot en gekopieer wees. Hierdie afskrifte word deur die Onderwysdepartement benodig vir aansoeke vir die finale eksamen. Alle aansoeke moes teen Vrydag 21 Januarie 2022 in wees.

Detensie begin op 31 Januarie vanaf Maandag tot Vrydag; 14:15 tot 15:15. Indien detensie ontduik word, sal klasse vir twee dae opgeskort word.

Maak seker dat al u kontakbesonderhede opdateer is sodat u alle boodskappe ontvang.

Die onthaalsaal vir die matriekbal is vir 13 Oktober 2022 bespreek waar alle Covid-protokol in plek is. Ons moedig ouers aan om die uitstaande skoolfonds te betaal sodat u kind die matriekbal mag bywoon. Leerders mag slegs die bal bywoon indien alle uitstaande skoolfonds ten volle betaal is. Die sluitingsdatum vir uitstaande skoolfooie is die einde Augustus 2022.

Die uwe

P.P.

G. Meyer
(Waarnemende Hoof)

M. Ross
Graadhoof

J. Coetzee
Graadhoof